SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 08-Feb-2007
Topic: 15
Ref No: 2027
1
ID: 03435541-01
Source Page: 14

# Geweld het in SA reeds die norm geword



JONATHAN JANSEN

DIE aksent is onmiskenbaar Suid-Afrikaans. Net so die inhoud van die uitbarsting: "Ek klap jou net hier, voor al hierdie mense. Verstaan jy my?"

Die moeë passasiers in die oorvol terminaal op die lughawe Heathrow draai om en kyk in die rigting van waar die dreigement kom.

'n Reusagtige man troon uit bo 'n seuntjie (waarskynlik sy eie); die dreigement sluit kennelik sowel fisieke as openbare vernedering in.

Nou kyk, ek was al op genoeg lughawens om hierdie gedrag as tipies Suid-Afrikaans te eien.

Soos die keer toe ek met afsku moes toekyk hoe 'n moeder haar dogtertjie op die New York-lughawe 'n afgedankste pak slae gee. Toe ek instinktief nader staan om in te gryp, skree die vrou in Afrikaans: "Dit sal jou 'n les leer!" 'n Mede-landsburger.

Ek het onlangs baie nagedink oor die geweld-tsoenami wat ons vertroue in die regering vernietig en ordentlike mense reduseer tot wesens wat in hul huise (wat al hoe meer lyk na mini-weergawes van die maksimum-sekerheidsgevangenis in Pretoria) ineenkrimp en wonder of hulle die volgende slagoffers sal wees.

Ek het my afgevra waar hierdie bose geweld vandaan kom, hoe ons die punt bereik het waar 'n ongeërgde uitstappie saans straataf in jou stil buurt op Russiese roulette met jou lewe neerkom.

Die werklikheid is dat hierdie misdadige mense uit ons gemeenskappe kom, die produkte van ons samelewing is – deel van ons is.

Ons is 'n gewelddadige nasie.

Of ons nou daarvan hou of nie, die apartheidsregering het die openbare en private vertoon van geweld 'n middel tot 'n bepaalde doel gemaak.

Die staat het mense tot oorgawe geslaan en gemartel totdat geweld vir sowel die verdrukker as die verdrukte die norm geword het.

Natuurlik strek hierdie misdadige gedrag terug tot ver voor 1948.

Ons land het in geweld die lewenslig aanskou; die Ryk het konsentrasiekampe vol wit (en swart, blyk ons te vergeet) mense gestop, en duisende het daar 'n aaklige, openbare hongerdood gesterf.

Ons is 'n gewelddadige samelewing wat alte graag aan die staat die reg sou gee om misdadigers te hang indien die beslissing oor die doodstraf aan 'n populêre stem oorgelaat sou word.

Daar is dus 'n aks meer as skynheiligheid in die redenasie dat geweld slegs "hulle" is, daardie skaduagtige figure wat in die donkerte wegkruip.

Ek is altyd verbaas wanneer ouers uit die Heilige Skrif aanhaal om hul aanranding van hul kinders te regverdig, maar nie die steniging van owerspelers nie. Dit kom neer op primitiewe gedrag wat nie in 'n beskaafde samelewing tuishoort nie.

Die slaan van jou kinders kom op boelie neer; met ander woorde, 'n groter, sterker persoon dien 'n kleiner, swakker persoon leed aan.

Die slaan van jou kinders is 'n manier van erken dat jy nie in staat is om jou kinders se gedrag deur die mag van jou voorbeeld, die logika van rede en die krag van liefde te verander nie.

Kortom: dit kom neer op 'n daad van geweld.

Kinders leer uit gewelddadige optrede soos 'n pak slae deur ouers dat 'n mens dit wat jy wil hê, bekom deur diegene met wie jy verskil fisiek aan te val.

Daardie logika word oorgedra na skoolterreine en sportklubs; geen wonder dus dat die media aanhou berig oor kinders wat ander kinders aanrand nie.

Waar leer hulle om dit te doen? Tuis, natuurlik.

In so 'n gewelddadige samelewing soos ons s'n is dit 'n hanetreetjie van kinders slaan na jou vrou slaan.

Agter die styf toegetrekte gordyne in ons middelklashuise is soms afgryslike stories van vroueslanery; netjies weggesteek, uit die openbare oog verwyder. Niemand praat hieroor nie, maar die logika van die manlike oortreder is dieselfde: As ek nie my sin kry nie, slaan ek jou.

Wat my die meeste bekommer, is die wyse waarop hierdie aggressiewe gedrag van een geslag na 'n ander oorgedra word.

Ons seuns sien hierdie misplaaste aggressie en begin glo dit is hul Godgegewe reg om sowel vroue as kinders te straf. Ons dogters begin aanvaar dat dit maar die manier is waarop dinge werk. Soos 'n jong vrou een keer aan my gesê het: "Hy slaan my omdat hy my liefhet."

Wanneer ons dus volgende keer (ten regte) ons toorn uitspreek teenoor daardie gewelddadige misdadigers wat in ons strate rondsluip, asook jeens 'n gevoellose regering wat hulle toelaat om te gedy, dink ook 'n oomblik oor die innerlike geweld na.

● *Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.*